Hoe bid ons in hierdie moeilike ekonomiese tyd?

Mense kan dikwels baie dinge hanteer, maar wanneer hulle geld min raak, raak hulle vinnig benoud. Die ekonomie verkeer wêreldwyd tans onder groot druk en ons voel dit ook in Suid-Afrika. Dit gaan sleg. Honderde miljoene mense se lewens word negatief hierdeur beïnvloed.

Hoe bid ek en jy in hierdie tyd? Neem die volgende as riglyne:

1. Moenie jouself aan vrees oorgee nie. Vrees pas nie by 'n Christen wat weet dat God die hemel en die aarde gemaak het en alles in Sy hand het nie. God sorg vir die voëls van die hemel en die veldblomme. Hy sal vir jou ook sorg (**Matt.6:25-33**). Gaan staan met jou vrees voor die Here en kyk na God totdat jy Sy almag duideliker kan sien as die ekonomie en jou vrees.
2. Jesus het gesê: Soek eers die Koninkryk van God en Hy sal vir jou ál die ander dinge gee wat jy nodig het (**Matt.6:33**). Neem 'n besluit om Sy belofte meer te glo as die omstandighede wat jy rondom jou sien. Vra God die Vader wat dit in jou geval beteken om eers die Koninkryk van God te soek.
3. Tot 'n groot mate het gierigheid die wêreld gebring waar hy nou is. Wees vergenoegd met wat jy het. Maak jou hart voor God oop. Vra Hom om vir jou elke vorm van gierigheid en onvergenoegdheid in jou hart te wys. Vra Hom om vir jou te wys as daar goed is wat jy begeer, wat jy nie regtig nodig het nie. Vra Hom om vir jou te wys hoekom jy dit wil hê en ook hoekom jy onvergenoegd is. Dank God vir dit wat Hy jou gee. Paulus skryf: *Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het…as ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees* (**1 Tim.6:6-8**).
4. Gierigheid se diepste wortels is vrees vir armoede en selfsug. Gaan staan voor God en vra Hom om jou te versorg en bely elke vorm van selfsug. Selfsug se wortel is ons onvermoë om God se onvoorwaardelike en voldoende versorgende liefde vir ons te verstaan. Dan probeer ons vir onsself sorg. Vra die Vader om Sy liefde aan jou te openbaar: Dit sal die vrees verdryf en jou help om van jouself af weg te kyk (**1 Tim.6:9-10**).
5. Gierigheid se mag word o.a. gebreek wanneer ons begin om met blymoedigheid te gee. Vra die Here Jesus om vir jou mense in nood te wys en wees jý dan die antwoord op hulle gebede. In moeilike tye is ons geneig om ons hande toe te maak vir die nood van ander. Vir ons as Christene moet dit egter juis anders wees.
6. Gee jou tiendes. Daardie deel van jou inkomste behoort aan die Here. Moenie met God hieroor probeer onderhandel nie. Moenie oor die beginsel redeneer nie. God sê ons moet Hom toets: As ons ons tiendes gee, sal Hy vir ons gee, oorvloedig gee. Dit mag dalk nie vir jou sin maak om in moeilike tye jou tiende te gee nie. God se koninkryk werk egter anders. God is niemand se skuldenaar nie: Laat ons doen wat ons moet doen en God sal doen wat Hy beloof het om te doen.
7. Betaal jou skuld, alles. Dit is skuld wat jý gemaak het en jý is verantwoordelik daarvoor om dit terug te betaal. Selfs al beteken dit dat jy op ander terreine gebrek moet lei, moet jy dit nogtans doen.
8. Moenie steel nie. Moet ook nie privaat oproepe of fotostate by die werk maak sonder om daarvoor te betaal nie. Moenie tyd steel deur vroeg te loop of laat in te kom nie. Betaal jou belasting: alles. Vra die Here om vir jou te wys of daar dinge is wat jy doen wat Hom nie behaag nie en bely en laat staan dit.
9. Moenie omkoop geld betaal of aanvaar nie. Moenie kompromieë hiermee maak nie.
10. Bid vir jou daaglikse brood. So leer die Here Jesus ons in **Matt.6:11**. Ons dink dikwels ons kan deur ons harde werk en ons slim planne vir onsself en ons gesinne sorg. Jesus sê: 'Bid'. Wanneer ons bid en vra, sal Hy gee en voorsien: Werk, gesondheid, beskerming, krag en alles wat ons nodig het.

Baie belangrik: Moenie meer as jou inkomste spandeer nie; kyk waarsonder jy kan klaarkom; leef eenvoudiger; ry saam met ander; beplan jou ritte; spaar elektrisiteit en water. Moenie geld leen nie. Help bou aan 'n kultuur waar mense mekaar help deur bv. gereedskap en kundigheid met mekaar te deel.